

My Liefste Mens Mamma,

Ek weet jou hart is nou seer, en ek wens ek kon nog een keer by jou

kom lê om jou trane af
te lek jou nog 1 laaste
honde drikkie kon gee.
Ek was nooit net ’n
hond vir jou nie, en jy
was nooit net my
Ounooi nie. Jy was my
hele wêreld, jy was my
allis, my familie, my
trooster
My dokter toe ek begin
siek word het en my vir-

altyd-mamma.

Van die heel eerste oomblik toe ons ontmoet het, ek was so op gewonde ek kon nie ophou om jou aandag te trek met my mannewalis nie. Ek het n hart van n leeu gehaat en ek was bang vir niks nie.

Ek was die kleinste van al my boeties en sussie. En het ek veilig en geliefd gevoel in jou arms van daardie 1ste oomlik wat jy my op getel het. Jy het vir my ’n huis gegee vol warmte, lag en vriendelikheid. Soms moes ek jou troos al het ek nie geweet hoekom

nie. En as jy siek was, wou ek so graag jou laat beter voel het. Al het ek nie geweet hoe nie.
Jy het altyd geweet wanneer ek honger en dors was, wanneer ek wou speel, wanneer ek vertroosting nodig gehad het, en wanneer ek net stil by jou wou lê.

Toe ek begin siek word, het jy geweet daar is foud en jy het altyd gesorg dat ek die beste dokters het. Jy het somtyds so ver gery om my by die beste Dr uit te kry Elke klop op my kop, elke soen op my neus, elke woord wat jy vir my gesê het—ek het dit in my hart gedra.

Al kon my pootjies nie so lank soos joune op hierdie aarde bly nie, weet dat my liefde vir jou eindeloos is. Ek is nie weg nie, Mamma— ek leef in elke herinnering wat ons saam gemaak het. Wanneer die sonlig deur die venster skyn in jou nuwe kamer, wanneer jy

in jou drome die
getrippel van pootjies
hoor, wanneer jy
warmte in jou hart voel
sonder rede—dan is dit
ek wat jou herinner ek
is nog naby en ek is
okay.
Jy het wat menslik
moontlik was allis vir
my gedoen. Jy het vir
my die beste lewe

gegee wat ’n hondjie ooit kon hoop vir. Ek was bederf met liefde, nubbels, batties batties magie-vryfies en soveel gelukkige dae. Ek het nooit enigiets kortgekom nie, want ek het jou gehad.
Nou hardloop ek vry in velde waar daar geen pyn, geen siekte is nie—

net vreugde. Ek jaag skoenlappers, ek slaap in die sagste gras, en ek wag geduldig vir die dag wanneer ek jou weer kan groet met ’n swaaiende stert en bly geblaf. Tot dan, dra my in jou hart. Praat met my wanneer jy my mis—ek sal jou hoor.

Dankie, Mamma, dat jy

my alles was. Ek sal jou vir ewig liefhê, oor hierdie lewe en in die volgende. My pootafdrukke sal altyd op jou hart bly.
Met al my liefde,
Jou Klein Hondjie
Teloela 🐾💖


No longer at your side
But always in your heart
Everyone is taught that angels have wings, but the lucky ones of us find out they have four paws!